higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 2

(5050012)

18 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs 'n BLOU of SWART pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Leerder wat na Graad R toe gaan, moet hulleself kan aantrek en in beheer van toiletgewoontes wees.

Hierdie prestasie ressorteer onder ... ontwikkeling.

A emosionele
B taal-
C fisiese
D morele

1.1.2 Daar is sprake van abstrakte denke wanneer ons oor ... praat.

A verskillende soorte boeke
B respek vir mekaar
C klere vir kollege
D die items in 'n dramatiesespel-hoekie

1.1.3 Insluiting beteken dat daar ... moet wees.

A geselekteerde individue
B portuurgroepe
C vinnige leerders
D differensiasie

1.1.4 Wanneer mense sonder diskriminasie behandel word, behandel ons hulle met ...

A verdraagsaamheid.
B gelykheid.
C deursigtigheid.
D aanspreeklikheid.

1.1.5 Die vak Kuns en Wetenskap van Onderrig handel oor ...

A metodologie en ervaring.
B slegs die kwalifikasie.
C vakkennis.
D navorsing.

1.1.6 Wanneer 'n onderwyser die skool se beleide toepas, is sy besig om ...

A intellektuele stimulering en kreatiwiteit te bevorder.
B met verdraagsaamheid op te tree.
C met integriteit en regverdigheid op te tree.
D haar eie oortuigings te volg.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 'n Deelnemende benadering verg ...

A 'n stagnante beskouing.
B individuele verantwoordelikheid.
C 'n outokratiese leerklimaat.
D geen hulpbronne nie.

1.1.8 Sodra 'n kind emosioneel gereed is om skool toe te gaan, sal hulle ...

A oor die vermoë beskik om tot by honderd te tel.
B verskillende tale verstaan.
C 'n sterk en gesonde liggaam hê.
D 'n positiewe selfbeeld en selfvertroue demonstreer.

1.1.9 Kennis wat objektief en buite die kenner is, staan as ... bekend.

A rasionalisme
B empirisme
C behaviorisme
D pragmatisme

1.1.10 Wanneer ons verskillende spesies in die natuur beskou en tot 'n gevolgtrekking kom dat insekte ses pote het, verwerf ons kennis deur middel van ...

A deduktiewe redenering.
B induktiewe redenering.
C veralgemening.
D feite.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die rol van 'n opvoeder behels dat jy 'n geleerde, 'n navorser en 'n ... leerder moet wees.

1.2.2 Hul gemeenskaps-, burgerskaps- en ... rol vra van die opvoeder om 'n etiese ingesteldheid teenoor ander te handhaaf en te bevorder.

1.2.3 Formatiewe en sommatiewe ... moet by die vlak en doel van leer pas en moet aan akkreditasie-instansies se vereistes voldoen.

1.2.4 Kommunikasie ressorteer onder die ... ontwikkeling van 'n sesjarige.

1.2.5 ... vind plaas wanneer ons aanvaar dat ander mense se eienskappe van ons eie verskil.

Kopiereg voorbehou

1.2.6 Volgens JF Skinner kan ons alles leer wat ons moet weet deur bloot die ... van mense te bestudeer.

1.2.7 Kennis verleen aan ons 'n beter begrip van die ...

1.2.8 Wanneer ons sien, ruik of aan iets raak, gebruik ons ons ... ervaring om te leer.

1.2.9 Ons het kennis en vaardighede nodig om in hierdie wêreld te kan ...

1.2.10 Die grondslag vir 'n argument staan as 'n ... bekend.

(10 × 1) (10)

1.3 Noem TWEE voorwaardes wat nodig is om sukses in outonome onderrig en leer te behaal. (2)

1.4 Noem DRIE eienskappe van 'n outonome leerder. (3)

1.5 Noem die DRIE komponente wat by outonome leer betrokke is. (3)

1.6 Verduidelik hoe die tyd van die jaar die leerinhoud kan beïnvloed. (2)

[30]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Ouers speel ook 'n belangrike rol in die opvoeding van kinders.

2.1.2 Opvoedkundige tegnologieë is uiters duur en talle skole kan dit nie bekostig om hierdie tegnologieë aan te koop nie.

2.1.3 Hoe gouer die leerders uitgelos word om onafhanklik te wees, hoe beter.

2.1.4 Strategieë om struikelblokke te bowe te kom, handel daaroor dat mense oorreed moet word om anders te dink.

2.1.5 Assesserings staan onafhanklik van uitkomste.

2.1.6 Om met ander leerders oor die weg te kom en saam met hulle te kan werk, is 'n belangrike faktor van outonome leer.

2.1.7 Horisontale toepaslikheid het betrekking op inligting wat nuttig sal wees wanneer die leerder 'n volwassene is.

2.1.8 'n Sandgat moet net sand bevat aangesien plastiekgrafies gevaarlik kan wees.

Kopiereg voorbehou

2.1.9 Ons kan nie voorskoolse kinders as die volgende ekonomiese geslag beskou nie.

2.1.10 'n Leerder se vordering word op gedemonstreerde prestasie gebaseer.

(10 × 1) (10)

2.2 Gee EEN woord of term vir die volgende beskrywings deur 'n woord or term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

geletterdheid; arbeidsmag; abstrakte denke; onafhanklik; werklike lewe; toepaslik; taal; om potensiaal te ontwikkel; kreatiwiteit; ekonomiese groei

2.2.1 'n Soort denkwyse as gevolg daarvan dat na 'n radio-uitsending geluister word

2.2.2 Rolspel kan gebruik word om hierdie situasies op te voer

2.2.3 Wanneer die mense van 'n land 'n positiewe ingesteldheid teenoor produktiewe werk openbaar en by entrepreneursbedrywighede betrokke raak

2.2.4 Geskoolde mense wat die werk doen

2.2.5 Die rede dat tyd opsygesit vir en hulp verleen word aan leerders

2.2.6 Wanneer die leerders op hul eie werk

2.2.7 'n Kind druk hulself in 'n tekening uit

2.2.8 Geldige inligting wat in 'n handboek oor die vakinhoud verskyn

2.2.9 Die area wat ontwikkel word wanneer jong leerders na 'n storie luister en nuwe woorde in 'n sinvolle konteks hoor

2.2.10 Die vermoë om te lees en te skryf

(10 × 1) (10)

2.3 Jean Piaget het sy teorie oor intellektuele ontwikkeling ontwikkel deur kinders dop te hou.

Verduidelik die volgende terme betreffende sy teorie:

2.3.1 Kognitief

2.3.2 Oorerflik

2.3.3 Omgewings-

(3 × 2) (6)

2.4 Noem TWEE hoekies wat jy in jou klaskamer kan inrig om stimulering vir die leerders te bied. (2)

2.5 Maslow se behoeftehiërargie word in verskillende behoeftes ingedeel.

Noem die TWEE faktore wat deur basiese behoeftes beïnvloed word. (2)
[30]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Opvoeders bly op hoogte van die jongste ontwikkelings	A	vrye keuses
3.1.2	Die leerders word aangespoor om hul verskille te deel	B	leerstyle
3.1.3	Wanneer 'n leerder by die leerproses betrek word	C	deelnemend
3.1.4	Demokrasie beteken dat die mense regte het	D	godsdiens
3.1.5	'n Situasie waarin opvoeder, leerder en inhoud saamkom	E	gehalte-onderrig
3.1.6	Die verskillende maniere waarop leerders leer	F	skoolgereed
3.1.7	Kinderopvoedingspraktyke kan van kultuur tot kultuur verskil	G	kultuuragtergornd
3.1.8	Wanneer 'n kind emosioneel, liggaamlik en geestelik gereed is om in 'n klaskamer deel te neem	H	sigbaar
3.1.9	Klere, voedsel en kuns maak deel van 'n kultuur uit	I	diversiteit
3.1.10	'n Aspek wat diversiteit kan skep	J	opvoedkundige situasie

(10 × 1) (10)

3.2 Noem TWEE voordele van die individuele leer-en-onderrig-benadering.
(2 × 2) (4)

3.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mev Jones besef dat baie van haar leerders skool toe kom sonder om in die oggend te eet of om enige kos vir middagete te hê. Sy verstaan ook dat baie van die leerders nie met die leerinhoud vertroud is nie en help hulle deur 'n video daaroor te wys en besprekings oor die tema te hê. Sy verstaan verder dat talle kinders by die huis afgeknou word en los die probleem op deur 'n minsame en vriendelike omgewing in die klas te kweek.

Mnr Brown is 'n onderwyser by 'n skool waar die meeste leerders in armoede lewe. Baie van hulle was nog nooit by die see of op 'n strand nie. Hy bring 'n bietjie seewater, skulpe en seesand terug klas toe ná sy laaste vakansie. Die leerders mag die artikels op die vertoontafel bekyk en ondersoek. Boeke is vir die leerders beskikbaar om navorsing te doen. Mnr Brown moedig die leerders aan om werkkaarte op hul eie te voltooi en ontwikkel sodoende hul outonome (individuele) leer.

3.3.1 Identifiseer DRIE bevoegdhede wat mev Jones as opvoeder demonstreer. (3 × 2) (6)

3.3.2 Gee en beskryf DRIE maniere uit die scenario wat bevestig dat Mnr Brown sy leerders outonome leer laat beoefen. (3 × 2) (6)

3.3.3 Differensieer tussen die *maatskaplike* en die *kultuur*agtergrond van die leerders in Mnr Brown se klas deur 'n unieke kenmerk van elke begrip te gee. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mnr Brown beplan sy volgende les oor die natuurlewe en besluit om artikels te gebruik wat die les interessanter sal maak. Hy vertel die leerders in die klas dat 'n dier in die voedselketting 'n roofdier of 'n prooi kan wees en dat sommige diere karnivore is, terwyl ander herbivore is. Hy verduidelik ook die gevare van uitwissing. Sipho ken al hierdie inligting omdat sy pa 'n wildsplaas besit en hy in die natuurlewe belangstel. Zuki verstaan glad nie waaroor hierdie les handel nie. Sy help haar ma in die huis om te kook, skoon te maak en na 'n jonger bloedverwant om te sien. Sipho en Zuki gee glad nie aandag aan die les nie.

4.1 Kinders leer die beste deur te doen. In bepaalde situasies moet die onderwyser die leerders voorsê wat om te doen en om hul terugvoering vra, terwyl sy by tye bloot instruksies gee en die leerders die take self laat doen.

4.1.1 Gee 'n voorbeeld van 'n situasie waarin die opvoeder die leerders moet sê wat om te doen en vir terugvoering oor die situasie moet vra.

4.1.2 Gee 'n voorbeeld van waar dit voldoende is om instruksies te gee. (2 × 2) (4)

4.2 Noem VIER artikels wat Mnr Brown op die aktiwiteitstafel kan plaas vir ope spel. (4)

4.3 Bespreek hoe Mnr Brown se les die volgende lewensvaardighede kan beïnvloed:

4.3.1 Probleemontleding

4.3.2 Kritiese denke

4.3.3 Morele oordeel

4.3.4 Besluitneming

(4 × 2) (8)

4.4 Help Mnr Brown om aktiwiteite vir nege- tot tienjarige leerders te ontwerp. Die aktiwiteite moet vir die volgende aspekte toepaslik wees:

4.4.1 Ouderdom en intellektuele ontwikkeling

4.4.2 Die leerders se belangstelling

4.4.3 Emosionele ontwikkeling

4.4.4 Fisiese ontwikkeling

(4 × 2) (8)

4.5 Bespreek TWEE bykomende vaardighede wat leerders in die loop van Mnr Brown se les kan ontwikkel terwyl hulle outonoom werk. (2 × 2) (4)

4.6 Is die kurrikulum die enigste aspek wat Mnr Brown in ag moet neem wanneer hy sy lesbeplanning doen? Staaf jou antwoord. (1 + 1) (2)

[30]

VRAAG 5

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mnr Gibbons gee onderrig in die Griekse mitologie. Hy besin oor die les en kry 'n vae vermoede dat baie van die leerders nie vertroud is met die storie van Ikarus, 'n Griekse legende, en die labirint nie. Mnr Gibbons besluit toe om die woord 'mitologie' na volkslegendes en die woord 'labirint' na doolhof te verander aangesien sy jong leerders daardie woorde eerder sal verstaan.

Ná die les wys mnr Gibbons 'n video oor Ikarus aan die leerders en hy gee hulle enkele aantekeninge. Hulle kan van die internet gebruik maak om 'n werkkaart in groepe of individueel in te vul.

Kopiereg voorbehou

5.1 Mnr Gibbons het oor sy lesbeplanning besin en toe sekere aspekte verander.

Watter hoedanighede van 'n opvoeder het hy gedemonstreer toe hy oor sy les besin en die les verander het? (2)

5.2 Stel die volgende op 'n ander manier: 'Hy kry 'n vae vermoede'. (2)

5.3 Bespreek DRIE aspekte van konteksinligting wat mnr Gibbons tydens sy lesbeplanning gehanteer het. (3 × 2) (6)

5.4 Bespreek TWEE maniere waarop tegnologie die leerders gehelp het om die les te verstaan. (2 × 2) (4)

5.5 Bespreek TWEE maniere waarop menslike hulpbronne 'n rol kan speel. (2 × 2) (4)

5.6 Bespreek hoe mnr Gibbons tydens hierdie les voorsiening maak vir die leerders met verskillende leerstyle. (2 × 2) (4)

5.7 Gee TWEE voorstelle aan mnr Gibbons oor hoe hy die leerders kan help om vakinhoud wat aan hulle onbekend is, te verstaan. (2 × 2) (4)

5.8 Wat kan mnr Gibbons doen om verskillende kulture in die klasomgewing in te bring? (2 × 2) (4)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou